# BYLAAG BY DIE REKTOR SE BESTUURSVERSLAG AAN DIE RAAD

Maandag 24 Junie 2024

Prof Wim de Villiers,
Rektor en Visekanselier

# Inhoudsopgawe

**TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH** ........ 5
1.1 Ledeverkiesings vir ons oorsigbestuurstrukture ........ 5
1.2 Eksterne kommunikasie hou aan vloei ........ 5
1.3 Hou die US-gemeenskap op hoogte van sake ........ 7
1.4 Voortreflike geleenthede soos dit ’n florerende instelling betaam ........ 8
1.5 Knap Kliëntedienssentrum hanteer heelwat meer navrae ........ 8
1.6 Versterk ons verweer teen dataskendings ........ 9
1.7 Bou voortdurend ons onderrig-, leer- en assesserings- (OLA-)vaardighede ........ 9
1.8 Altyd gretig om te verbeter ........ 9
1.9 Skep ’n sterk US-handelsmerk ........ 9
1.10 Bestuur van taalimplementeringsfinansiering gestroomlyn ........ 10
1.11 Verwelkom burgerskapsopvoeding vir studente en personeel ........ 10
1.12 US Biblioteek onderteken twee nuwe ooptoegangooreenkomste ........ 10
1.13 US kry sy eie platform om databestuursplanne op te stel ........ 11
1.14 Skitter steeds as Nobel in Afrika-gasheer ........ 11
1.15 Trotse gasheer vir Afrika se eerste Knowledge Foundation-simposium en -tegnothon ........ 11
1.16 Nuus oor nuwe stelsels SUNFin en SUNStudent ........ 12
1.17 Voorwaarts met werk aan ons wêreldklasfasiliteite ........ 12
1.18 Beskerm en bedien die US-gemeenskap in die kuberruim ........ 15
1.19 Optrede om Eenheid vir Gelykwaardigheid en institusionele werk teen geslagsgebaseerde geweld doeltreffender te maak ........ 16
**TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING** ........ 17
2.1 Voorheen onontginde markte kan nou ook in transformerende ervaring deel ........ 18
2.2 Voortgesette omvattende bystand vir beursstudente ........ 18
2.3 Grondwethersiening verbeter studenteregering ........ 19
2.4 ’n Meer diverse residensiële ervaring ........ 19
2.5 Verseker voortgesette toegang tot eksamenvergunnings vir kwalifiserende studente ........ 19
2.6 Verbreed sowel plaaslike as internasionale studente se horisonne ........ 20
2.7 Erkenning vir top-eerstejaars van 2023 ........ 20
2.8 Beproef nuwe stelsel om studenteterugvoer te transformeer ........ 20

2.9 Taal- en geletterdheidsteun versterk studentesukses ........ 20
2.10 Opedag ontsluit Studentesake se dienste vir Tygerbergstudente ........ 22
2.11 Studenteleiers dink na oor nasionale en institusionele transformasie ........ 22
2.12 Tweede verwelkomingsgeleentheid maak voorsiening vir pendelstudente ........ 22
2.13 Staan nagraadse studente by om toegang tot finansiering te bekom ........ 23
2.14 Slyp nagraadse studente se vaardighede ........ 23
2.15 Kampussportaande kry Maties aan die beweeg ........ 24
**TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE** ........ 24
3.1 Bou en bevorder vennootskappe ........ 24
3.2 Medegasheer vir AC21-nalatenskapsimposium ........ 25
3.3 Skakeling met ons internasionale akademiese vennote ........ 25
3.4 Werk saam om gehalte van internasionale skoolverlaterskwalifikasies te verseker ........ 25
3.5 US besoek vennoot Universiteit van Groningen ........ 26
3.6 US Japansentrum en Japanse ambassade bied seminaar oor wiskunde-onderrig aan ........ 26
3.7 Deel van EUTOPIA Alliansie se Taleweek ........ 26
3.8 Vennootskap loop uit op sorgsentrum vir slagoffers van geslagsgeweld ........ 27
3.9 Biblioteek bou vennootskappe en netwerke ........ 27
3.10 Maties Sport en Stellenbosch Sokkerklub stig vrouesokkerafdeling ........ 27
3.11 Ondersoek samewerking met die Dene ........ 28
**TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER** ........ 28
4.1 Auxin steeds ’n bron van interaktiewe leer oor onderrig, leer en assessering (OLA) ........ 29
4.2 Delf dieper in doktorale studieleiding ........ 29
4.3 Hou aan bou aan akademieskap in Afrika ........ 29
4.4 ADA stoom voort met meestersklasse en winterskool ........ 29
4.5 Taalsentrum ondersteun leer in Spraak-Taalterapie-module ........ 30
4.6 Bestendige groei in hibridiese leer ........ 30
4.7 Vierde StellenboschX-kursus aan die kom ........ 30
4.8 Twee nuwe TAU-genote sluit hulle by nasionale kader onderrigkenners aan ........ 31
4.9 Maak reg vir die NUTA’s ........ 31
**TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK** ........ 31
5.1 Deel van nuwe kluster van navorsingsuitnemendheid ........ 31
5.2 Eerste intreeredes vir die jaar getuig van impakryke navorsing ........ 32
5.3 NNS-gradering steeds belangrik vir US-navorsers ........ 32

5.4 Volgehoue groei in navorsingsuitsette ........ 33
5.5 Trotse tuiste van Fulbright-Suid-Afrika-navorsingsbeurshouer ........ 33
5.6 Koördineerder van vier jaar lange ACEWATER III-projek ........ 34
5.7 Nuwe navorserprofielplatform bekend gestel ........ 35
5.8 Voortgesette steun vir die US se nadoktorale navorsers ........ 35
**TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER** ........ 35
6.1 Eerste personeelbyeenkoms dink na oor hoogte- en laagtepunte van eerste kwartaal ........ 36
6.2 Uitslae van US se vierde personeelopname beskikbaar ........ 36
6.3 Kommunikasielaboratorium ondersteun personeelkommunikasie ........ 36
**MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (17 Februarie tot 25 April 2024)** ........ 37

# TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf ons hierdie tema soos volg: "Om die US 'n florerende organisasie te maak, beoog ons 'n lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare universiteit." Met 'florerend' bedoel ons "om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy". Ons sê ook die volgende: "Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak."

## 1.1 Ledeverkiesings vir ons oorsigbestuurstrukture

Die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur het gesorg dat ledeverkiesings vir die volgende **Raadskomitees** betyds plaasvind. Alle lede is met ingang van 16 April 2024 verkies.

| | |
|---|---|
| Oudit- en Risikokomitee | Mnre Danie Rossouw (Raadslid) en Bernard Fick (gekoöpteer) |
| Sosiale en Besigheidsetiekkomitee | Dr Louise van Rhyn, mnr Wayde Davids en me Risuna Rismati (almal Raadslede) |
| Beleggingskomitee | Me Helena Conradie (Raadslid) en mnr Jannie Durand (gekoöpteer) |
| Taalkomitee | Prof Eric Strauss (pas verkose Senaatsverteenwoordiger in die Raad) |
| Eregradekomitee | Dr Therese Fish (Raadslid) |
| Dissiplinêre Komitee van die Raad | Me Octavia Matloa (Raadslid) |

Boonop is daar opnuut met die verkiesingsproses vir die **Uitvoerende Komitee van die Konvokasie** begin. Benoemings het op 8 April geopen, en by die skryf van hierdie verslag was die tydperk van 30 dae byna verstreke. Die proses strook met die prosedurereëls vir die benoeming en verkiesing van die Uitvoerende Komitee.

## 1.2 Eksterne kommunikasie hou aan vloei

Ons gaan voort om kennis tot diens van die samelewing te bevorder, en gebruik graag ons **webtuiste** om ander van ons prestasies en mylpale in dié verband te vertel. In die afgelope paar maande het dít die volgende ingesluit:

- Die Universiteit het in Maart die SUNRISE-program van stapel gestuur om 'n volhoubare pypleiding akademici te skep wat in die toekoms as professore kan dien en die US se reputasie vir wetenskaplike uitnemendheid kan handhaaf. SUNRISE sal oor die volgende drie jaar tot en met 120 genote inneem. Genote word deur ons fakulteite en skole benoem op grond van hulle navorsingsvernuf, akademiese uitnemendheid en loopbaantoewyding.
- Deur die Beleidsinnovasielaboratorium in ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke is ons nou deel van die Afrika-Europa-kluster van navorsingsuitnemendheid (CoRE) oor die politiek van volhoubare ontwikkeling – een van drie nuwe klusters van die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) en die Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite (die Gilde).

- Ingevolge 'n onlangs ondertekende ooreenkoms met die Spaanse regering sal ons 'n Spaans-lektoraat by die Universiteit tot stand bring.
- Ons het nóg 'n nuwe navorsingsleerstoel geskep, wat getuig van ons vasberadenheid om 'n navorsingsintensiewe instelling te wees. Die bekroonde skrywer en dramaturg prof Willem Anker is aangestel as die bekleër van die splinternuwe leerstoel in kreatiewe skryfwerk in die Departement Afrikaans en Nederlands. Die Fakulteit Regsgeleerdheid se leerstoel in stedelike reg en volhoubaarheidsbestuur het ook sy eerste kohort nagraadse en nadoktorale navorsers verwelkom. Die leerstoel, met prof Anél du Plessis aan die stuur, is aan die einde van 2023 tot stand gebring.
- As deel van die Nobel in Afrika-simposiumreeks, het die US uitgelese gaste en toonaangewende wetenskaplikes van oor die hele wêreld verwelkom vir die Kanselierslesing deur proff Abhijit Banerjee en Esther Duflo, albei voormalige Nobelpryswenners in ekonomie.

Ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het daarin geslaag om moontlike skadelike **mediadekking** oor onder meer die Wilgenhof-aangeleentheid te neutraliseer deur die Universiteit as 'n denkleier op verskeie terreine te posisioneer. Volgens die mediamoniteringsdiens MarketIQ was 56% van ons 6 709 vermeldings in die media die afgelope tyd positief en slegs 7% negatief. Die positiewe sentiment was hoofsaaklik die gevolg van die oorvloed navorsings- en innovasiestories by die US, soos die volgende:

- Navorsers ontwikkel selfoontoep wat TB opspoor
- Rekordgetal Maties-fietsryers pak Kaapstad-fietstoer aan om minstens R350 000 in te samel
- "Wheels of Opportunity" – Stellenbosse chemie-dosent trap 600 km fiets vir studente
- Gene speel 'n belangrike rol in TB-vatbaarheid
- Toep bied hoop aan PTSV-lyers in SA
- Minecraft Education help verbeter leerders se kodering- en robotikavaardighede

'n Persverklaring oor die noodsaak van die bewaring van Suid-Afrika se withaaie het besonder goed gevaar in die gedrukte, uitsaai- én aanlyn media. Onder andere het *Die Burger*, *Daily Dispatch*, *Weekend Argus*, *Mail & Guardian*, *Cape Times*, Radio Islam, IOL, Phys.org, Science Daily en EurekAlert! daaroor berig.

Ons bygewerkte gradeplegtigheidswebblad vir ons **Maart-gradeweek** is in die weke tot en met die gradeplegtighede 30 714 keer besigtig. Elke plegtigheid is via YouTube regstreeks uitgesaai na kykers in meer as 20 lande. Ons herfsgradeweek het ook weer vele gewilde mediastories opgelewer, waaronder die volgende:

- PhD-student se navorsing oor massiewe onsigbare goudbron maak opslae
- Limpopo-gesin verkoop trekker om dogter te help om PhD in agriwetenskappe te verwerf
- Twee eredoktorsgrade, talle kwalifikasies by Maart-gradeplegtighede toegeken
- Psigiatrie-doktor sit gesin se PhD-tradisie voort; fokus op liefdesteleurstellings onder ontluikende volwassenes

Daarbenewens het beriggewing oor die gradeplegtighede 'n aansienlike positiewe impak op die gesindheid teenoor die US op **sosiale media** gehad. Dit het ons in Maart 'n reikwydte van 27 miljoen en 'n positiewe sentiment van 86% in vermeldings op sosialemediaplatforms

besorg. Benewens die stories hier bo, was 'n verdere gewilde grade-onderwerp die eredoktorsgrade wat die US aan die ekonomiese kenners proff Leonard Wantchekon en James Robinson verleen het. Ander plasings wat in Maart goed op sosiale media gevaar het, was die US se Varsitybeker-rugbyoorwinnings en die halfeindstryd op tuisbodem, en die studente van die Fakulteit Ingenieurswese se Klank- en Vibrasienavorsingsgroep wat 'n agt weke lange tog na Antarktika aan boord van die SA Agulhas II onderneem het.

Intussen het ons **projek vir die herontwikkeling van ons webtuiste** 'n aanvang geneem. Dit behels onder meer 'n ontleding van ons webinhoud en die oorplasing van alle nuusinhoud van die huidige webtuiste na die nuwe een.

Belangrike US-geleenthede wat ons in die verslagtydperk op ons strategies geleë **digitale reklamebord** by die kruising van die R44 en R304 geadverteer het, was die Nobel in Afrika-simposiumreeks, openbare lesings, die Varsitybeker, die Maart-gradeweek, en ons Opedag (*sien hier onder*). Die reklamebordveldtog het tot die einde van Maart geduur en was besonder doeltreffend vir toegespitste kommunikasie.







### 1.3 Hou die US-gemeenskap op hoogte van sake

**Kommunikasie met personeellede en studente** het die verspreiding van 16 massa-e-posse, ses uitgawes van info@StellenboschUni en vyf van nuus@StellenboschUni ingesluit. Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het ook verskeie Registrateursboodskappe aan studente uitgestuur oor kwessies soos registrasie, die Maart-gradeweek, beurse, en toelaes van die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS). 'n Boodskap van ons Viserektor: Leer en Onderrig het studente aangemoedig om aan 'n opname oor seksuele teistering en geslagsgeweld deel te neem. Personeelverwante kommunikasie het 'n boodskap van Menslike Hulpbronne oor die maandelikse verhaling van voordeelbelasting op klasgeldvrystellings ingesluit.

Vanjaar se eerste uitgawe van *Universiteit Stellenbosch: In die nuus*, 'n **spesiale nuusbrief vir lede van die Raad** en Raadskomitees, is op 4 April versprei. Die gemiddelde leessyfer vir dié publikasie, wat 'n oorsig bied van die Universiteit se media-aktiwiteit op verskillende platforms, was 66,7%, wat heelwat beter is as die gemiddelde van 30,2% vir die onderwysbedryf.

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het ook die **Komitee vir die Institusionele Reaksie op die (Khampepe-)Kommissie se Aanbevelings (CIRCoRe)** bygestaan met kommunikasie oor die komitee se beplande konferensie en veranderinge aan sy leierskapstruktuur.

### 1.4 Voortreflike geleenthede soos dit 'n florerende instelling betaam




Elf **herfsgradeplegtighede** is van 25 tot 28 Maart by Coetzenburgsentrum aangebied, waar ons 3 066 kwalifikasies verleen het. Die regstreeks gestroomde uitsendings van dié plegtighede het 'n totale aanlyn kykerspubliek van 19 200 bereik. Kanselier Edwin Cameron het die gebruiklike Kanseliersdinee aangebied ter viering van ons graduandi se prestasies en die twee uitgelese kenners, proff James Robinson en Leonard Wantchekon (*onderskeidelik links en regs op foto langsaan*), wat dié keer eredoktorsgrade ontvang het.

Twee **Waardes in Aksie-werksessies** vir personeel is in die verslagtydperk gehou, en werknemers van ál ons kampusse het daaraan deelgeneem. Hierdie werksessies stel ons personeel in staat om ons instelling se waardes uit te leef en waardebotsings doeltreffend te bestuur.

Ons **waardesambassadeur-opleiding** rus op sy beurt vrywilligers uit verskeie US-omgewings toe om hulle fakulteit, departement of koshuis met die integrasie van ons waardes en waardegegronde probleemoplossing by te staan. Sewe personeellede van ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus het hulle ambassadeursopleiding op 18 en 19 Maart voltooi, wat die totale getal opgeleide waardesambassadeurs op 20 te staan bring.

### 1.5 Knap Kliëntedienssentrum hanteer heelwat meer navrae

Registrasieverwante kliëntenavrae (foonoproepe en e-posse) het van inname 2023 tot 2024 met sowat 6 700 toegeneem, en met ongeveer 113% vanaf inname 2021 (*sien grafiek*). Dit kan deels toegeskryf word aan die implementering van registrasie op SUNStudent vir die eerste keer vanjaar, en skakeling met aansoekers oor die aanvaarding van die US se finale studieaanbod.



### 1.6 Versterk ons verweer teen dataskendings

Volgens die Sentrum vir Inligtingsbeleid in ons Afdeling Strategiese Inisiatiewe en Inligtingsoorsigbestuur was daar van Januarie tot April 2024 'n toename in moontlike dataskendings wat ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) aangemeld moet word. Agt van die 11 voorvalle het in Februarie plaasgevind. Drie was bevestigde skendings, en geaffekteerde partye en die Inligtingsreguleerder is ooreenkomstig POPIA-vereistes in kennis gestel. Die Sentrum hersien nou ons institusionele privaatheidsreglement en standaardbedryfsprosedures om die lesse in te sluit wat ons hieruit geleer het en ons opsporing-, voorkoming- en temperingsmaatreëls te verbeter. Menslike foute of versuim het tot meer as die helfte van die aangemelde skendings bygedra, wat die belang van waaksaamheid onder ons personeel en studente onderstreep.

### 1.7 Bou voortdurend ons onderrig-, leer- en assesserings- (OLA-)vaardighede

Net meer as 60 deelnemers van nege fakulteite en die Taalsentrum het vir vanjaar se aflewering van die kortkursus **Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK)** ingeskryf. Hulle is tans besig met fase 2, waartydens hulle 'n leergeleentheid ontwerp om 'n probleemgebied in hulle modules die hoof te bied. By hulle volgende kontaksessie in Junie (fase 3) sal hulle die oordenkings uit fase 2 gebruik om 'n OLA-filosofie op te stel.

Die tweede kontaksessie van vanjaar se **kortkursus oor die Akademieskap van Onderwysleierskap** het op 26 April plaasgevind, waar deelnemers vakkundige literatuur oor leierskap in die kurrikulum bespreek het. Die kortkursus trek die regte tipe aandag: Dit het eervolle vermelding ontvang in die Raad op Hoër Onderwys se institusionele ouditverslag.

Die eerstesemesterinname in die **kortkursus oor assessering** het op 7 Maart en 22 April sinchrone aanlyn sessies gehad om te sorg dat die nege deelnemers op koers is met hulle leeswerk. Hulle kon ook met mekaar en die deskundige gaste wat by die sessies aangesluit het in gesprek tree. Die deelnemers onderneem tans selfgerigte leer om hulle begrip van die doelwitte van assessering, die kriteria vir doeltreffende assessering en aanlyn assessering te verdiep.

### 1.8 Altyd gretig om te verbeter

Noudat ons die Raad op Hoër Onderwys (RHO) se institusionele ouditproses deurloop het, werk ons aan 'n verbeteringsplan wat die RHO teen 30 Junie moet bereik. Die verbeteringsplan word opgestel aan die hand van vier temas wat ons uit die RHO se bevindinge geïdentifiseer het, naamlik (a) transformasie, (b) akademiese vernuwing vir studentesukses, (c) komitees, beleide en prosesse, en (d) gehaltebestuur. Raadpleeg https://www.sun.ac.za/institusionele oudit vir die RHO se bestuursopsomming en die Universiteit se selfevalueringsverslag.

### 1.9 Skep 'n sterk US-handelsmerk

Die bou van ons handelsmerk-identiteit raak alle gebiede van ons instelling, waaronder ons akademiese drag. Ná 'n raadplegende proses om **ons prosessie- en gradedrag te herontwerp** is die senior bestuur se nuwe drag in die verslagtydperk afgelewer. Finale oorlegpleging met senior leiers het ook plaasgevind om die fakulteitsbestuur se nuwe togas en bykomstighede voor te lê en goed te keur.

Boonop sorg die **onlangs vrygestelde US Stylgids** dat die taal wat in die US se kommunikasie gebruik word met ons handelsmerk-identiteit strook. Die gids bevat nie soseer universele Engelse taalreëls nie, maar bied eerder 'n uiteensetting van ons instelling se huisreëls. Die Taalsentrum het die gids in opdrag van Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking opgestel. Die gedagte is dat dit saam met ons handelsmerkgereedskapkis gebruik sal word. Die Taalsentrum werk ook aan institusionele stylgidse vir Xhosa en Afrikaans om konsekwente taalgebruik in pas met die US se identiteit te help verseker.

### 1.10 Bestuur van taalimplementeringsfinansiering gestroomlyn

Om die gehalte van taaldienste aan ons verskillende omgewings te verseker, bestuur die Taaldiens, 'n eenheid van die Taalsentrum, nou die geld wat vir vertaling, redigering en transkripsies aan fakulteite toegeken word. Die Taaldiens spesialiseer in professionele vertaal- en redigeerdienste in verskillende tale, met die klem op Afrikaans, Engels en Xhosa. Die geld is voorheen direk aan fakulteite se kostepunte toegeken. Dié verandering, wat in Maart in werking getree het, beteken dat elke fakulteit nou 'n geoormerkte bedrag het by die Taaldiens, wat sal boekhou van die beskikbare saldo's.

Die Taaldiens het ook twee nuwe Xhosa-vertalers aangestel wat US-beleide help vertaal en terminologie ontwikkel om Xhosa by ons instelling te bevorder.

### 1.11 Verwelkom burgerskapsopvoeding vir studente en personeel

Higher Health het die proeffase van sy nasionale opvoedingsprogram oor burgerskap en gesondheidsvaardighede van stapel gestuur. Dit is bedoel vir studente en personeellede by alle naskoolse onderwysinstellings in die land. Die US het 48 studente en 53 personeellede vir die ko-kurrikulêre program ingeskryf. Dit is Afrika se eerste burgerskapsopvoedingsprogram wat NKR vlak 5-akkreditasie ontvang het. Die opleiding gaan gepaard met 'n portuurleerinisiatief en sal heelwat daartoe bydra om goeie burgerskap en 'n sterk maatskaplike onderbou in Suid-Afrika te bevorder.

### 1.12 US Biblioteek onderteken twee nuwe ooptoegangooreenkomste

Ooptoegangooreenkomste, wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium namens lidbiblioteke beding, stel US-navorsers in staat om gratis in hibridiese vaktydskrifte en teen 'n verlaagde tarief in ooptoegangtydskrifte te publiseer.

Die US Biblioteek se nuwe ooreenkoms met **Taylor & Francis** is tot 2026 van krag en bied ons navorsers toegang tot bykans 2 000 tydskrifte in dié uitgewer se kategorie Sosiale en Geesteswetenskappe sowel as Wetenskap en Tegnologie. Ons skrywers kan hulle artikels gratis publiseer in alle Taylor & Francis Open Select- (hibridiese) tydskrifte en ontvang korting van 10% op die publikasiefooie vir Taylor & Francis-ooptoegangtydskrifte.


Ingevolge die onlangs ondertekende ooreenkoms met die **Company of Biologists**, wat ook tot 2026 sal geld, kan ons skrywers 'n onbeperkte aantal ooptoegangartikels in die uitgewer se hibridiese tydskrifte (waaronder *Development*, *Journal of Cell Science* en *Journal of Experimental Biology*) én ooptoegangtydskrifte publiseer sonder om publikasiefooie te betaal. Navorsers verkry ook onbeperkte toegang tot die hibridiese tydskrifte, wat volledige argiewe van so ver terug as 1853 insluit.

Die US het nou reeds 14 sulke ooptoegangooreenkomste aangegaan.

### 1.13 US kry sy eie platform om databestuursplanne op te stel

Na 'n noukeurige assesseringsproses spog die US nou met sy eie databestuursplan- (DBP-)platform genaamd SunDMP, wat deur FAIR Wizard bedryf word. Ons moes vir 'n hele aantal jaar sonder ons eie platform klaarkom, en ons navorsers moes noodgewonge van ander universiteite en instellings s'n gebruik maak. 'n DBP-platform help navorsers beplan hoe hulle die data uit hulle navorsing sowel gedurende as ná hulle projekte sal bestuur. Trouens, verskeie agentskappe, waaronder die Nasionale Navorsingstigting, dring aan op so 'n plan as 'n voorvereiste vir die indiening van finansieringsaansoeke.

### 1.14 Skitter steeds as Nobel in Afrika-gasheer




In samewerking met die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) het ons op 12 Maart die derde openbare Nobel in Afrika-lesing by die Adam Small-teaterkompleks aangebied. Ons is die eerste instelling buite Skandinawië wat namens die Nobelstigting as gasheer vir Nobelsimposiums optree. Die simposiums strook met die US se visie, naamlik om navorsingsamewerking tussen Afrika en die res van die wêreld te bevorder. Die lesing (*sien advertensie hier bo*) is gelewer deur proff Abhijit Banerjee en Esther Duflo, albei voormalige Nobelpryswenners. Die geleentheid het heelwat belangstelling gewek: 'n Gehoor van 230 het dit persoonlik bygewoon, en 'n verdere 1 000 kykers het aanlyn ingeskakel.

### 1.15 Trotse gasheer vir Afrika se eerste Knowledge Foundation-simposium en -tegnothon

Die US het op 6 en 7 Februarie met die Nasionale Instituut vir Teoretiese en Berekeningswetenskappe en die Switserse Knowledge Foundation saamgewerk om die simposium en tegnothon "Blockchain in Education" aan te bied. Die 125 deelnemers aan die tegnothon was van 36 verskillende lande en het om 'n prys van $10 000 in toekennings en $3 000 in [Knowledge Tokens] meegeding.



*Foto: Sibusiso Lukhele (links, projekkoördineerder in die kantoor van ons Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie) saam met verteenwoordigers van die Knowledge Foundation, waaronder direkteur Aaron Walsh (in die middel).*

Die Knowledge Foundation is ’n opvoedkundige organisasie wat verantwoordelik is vir die ontwerp, ontwikkeling, implementering en deurlopende instandhouding van die wêreldwye Knowledge Token-stelsel en gepaardgaande oop internasionale standaarde vir blokkettingtegnologie op onderwysgebied. Dít was die stigting se eerste simposium en tegnothon in Afrika: Vorige aflewerings het in Europa, die Verenigde State en Katar plaasgevind.

### 1.16 Nuus oor nuwe stelsels SUNFin en SUNStudent

Die **SUNFin**-span het in April hulle vierde kwartaallikse bywerking sonder enige stelselonderbrekings voltooi. Die Afdeling Finansies het ook ’n formele bystandsooreenkoms met implementeringsvennoot Visions aangegaan om voortgesette tegniese bystand en toegang tot kundige hulpbronne te verseker. Gebruik van die funksie Projekte en Toekennings het aansienlik toegeneem, en die plan is om die diensaanbod met nuwe, prosesspesifieke bystandsdienste aan te vul.

Ondanks die toename in aktiwiteit kon die dienskantoor steeds 88% van die meer as 5 000 kwessies wat sedert die aktivering van SUNFin aangemeld is, uitstryk. Die SUNFin-werkgroep van die Senaat ontvang gereelde verslae oor pogings om lank uitstaande items te hanteer.

Verskeie nuwe funksies, waaronder Registrasie, Studentefooie en Koshuisbestuur, is ook op **SUNStudent** geaktiveer. Implementering was egter uitdagend weens verskafferskwessies met data-integriteit en stelselwerking. Dít het ’n impak gehad op die finansies- en beursmodules sowel as koshuisplasings. Die span tref nou regstellende maatreëls om die kwessies op te los.

As gevolg van die verskaffer se kapasiteitsbeperkinge is die omvang van die implementering boonop hersien om op kritiese funksies te konsentreer en alternatiewe leweringsmetodes te ondersoek. Die hersiene plan is deur die projekbeheerkomitee bekragtig, en die verskaffer het onderneem om in Mei van sy eie personeel te stuur om persoonlik die probleme te kom uitstryk.

### 1.17 Voorwaarts met werk aan ons wêreldklasfasiliteite

Teen Maart 2024 het ons 41 kapitaalprojekte in die beplanningsfase gehad (met ’n waarde van sowat R577 300 000), was 32 projekte in aanbou (R840 600 000), en is 24 projekte sedert Januarie 2023 voltooi (R1,67 miljard).

Die **anneksprojek by die Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)** behels die opknapping van 'n gedeelte van die bestaande Kliniese gebou op Tygerbergkampus om bykomende laboratoriumruimte te voorsien aan die departemente vir wie daar nie in die BMNI-hoofgebou plek was nie. Die nuwe skakelbrûe (*foto*) sal dit maklik maak om tussen die pas voltooide BMNI Suid-gebou en die laboratorium-area in die Onderwysgebou te beweeg. Die verwagte voltooiingsdatum is Desember 2024.



Die installering van **sonpanele op BMNI Noord en Suid** (*foto's hier onder*) is in April 2024 voltooi.





Werk aan **fase 2 van die hoofinlaatsubstasie op Tygerbergkampus** sluit in die installering van verhogingstransformators en skakeltuig en die verskuiwing en installering van vier kragopwekkers van 1,25 kVA in die sentrale aanlegkamer (*foto links*). Twee nuwe opwekkers word ook by die BMNI geïnstalleer. Die projek behoort teen November 2024 klaar te wees.



Die ontwikkeling van **twee nuwe studentekoshuisblokke** wat onderskeidelik 234 en 166 bykomende beddens sal voorsien, het aan die einde van November 2023 begin. Voltooiing van Goldfields blok A word teen die einde van Junie 2024 verwag (*sien foto van noordelike aansig hier onder*), en blok B in die tweede helfte van Julie. Concor Construction sal die koshuise vir 20 jaar aan die US verhuur, waarna ons die fasiliteite sal oorneem.



By STIAS word daar aangebou by die bestaande **Wallenbergnavorsingsentrum** (*sien fondamentwerk op die foto langsaan*) om die Instituut se visie te verwesenlik om meer genote in te neem. Die aanbouing van individuele kantore sowel as ruimtes vir spanwerk sal genoeg plek skep vir 'n verdere 35 genote. Werk behoort teen November 2024 klaar te wees.



Ses stelle **badkamers in die koshuis Monica** is opgeknap (*sien hier onder*) en was teen April 2024 gereed vir gebruik.





Ook in April het ons begin met werk **om die bestaande studiesaal in die JC Smuts-gebou vir ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke in te rig** (*sien uitleg hier onder*). Die werksbestek sluit in 11 kantore, ruimtes waar studente op hulle eie en in groepe kan werk, 'n lesingteater, komiteekamers, 'n nuwe meganiese ventilasiestelsel, opgeknapte badkamers, en ontspanningsfasiliteite met 'n dek. Die verwagte voltooiingsdatum is Januarie 2025.




Fase 1 van die groot **Minerva-koshuisopknapping** was teen die middel van Maart klaar, en fase 2 begin gedurende die Junie-reses.

Die **koshuiskragopwekkerprojek**, wat noodkrag voorsien aan die Simonsberg-gebied weens onbetroubare munisipale elektrisiteitstoevoer, is ook in April 2024 voltooi.

Ons bestaande **sentrale koelwater- (distriksverkoeling-) stelsel** word uitgebou met 'n verdere verkoeler en 'n hoofverdeelbord om bykomende kapasiteit te skep. Die pypnetwerk word uitgebrei na die geboue van die Kennissentrum, Chemiese Ingenieurswese, Bedryfsingenieurswese en Algemene Ingenieurswese. Die huidige projekfase behoort teen Julie klaar te wees.

Die opknapping van die **Elektriese en Elektroniese (E&E) Ingenieurswese-gebou** wat in Mei 2023 begin het, is op koers vir voltooiing teen Junie 2024. Danksy dié projek is die geboue van Siviele Ingenieurswese en E&E soomloos geïntegreer, wat nou 'n verwelkomende ingang aan die noordekant van die Ingenieurswese-kampus skep.

Die **laboratoriumopknapping in die Siviele Ingenieurswese-gebou** was by die skryf van hierdie verslag byna klaar. Die hoofdoel van die projek was om voldoening aan alle veiligheidsregulasies te verseker en algemene instandhoudingswerk in die Betonstrukture- en die Waterlaboratorium te doen.

Laastens het ons in April begin met terreinvoorbereiding vir 'n **fotovoltaïese (FV) seksie-installasie** op die geboue van Fasiliteitsbestuur, Informasietegnologie, die US LaunchLab, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, die Kennissentrum by Ingenieurswese, die PO Sauer-gebou en Bedryfsingenieurswese. Die installasie, wat na verwagting teen die einde van Oktober sal gereed wees, sal 1 051,60 kWp (kilowatt-piek) lewer en maak deel uit van SUNSolar, 'n uitgebreide FV projek wat ál ons kampusse insluit.


### 1.18 Beskerm en bedien die US-gemeenskap in die kuberruim

'n **Volkragkuberaanval** (*brute-force attack*) is op 1 Maart op ons Microsoft-stelsel uitgevoer. Die krakers kon nie toegang tot die stelsel verkry nie, maar waarskuwings van Microsoft Windows Defender het op moontlike gevare gedui. Ons het onverwyld na gevare begin soek, proaktiewe veiligheidsmaatreëls ingestel en geaffekteerde rekeninge geblokkeer.

Om ons sekuriteit in die digitale omgewing te versterk, is dit noodsaaklik dat gebruikers aan die US se **wagwoordregulasies** voldoen, waaronder die jongste wysiging wat vereis dat wagwoorde uit ten minste 14 karakters bestaan, wat hoof- en kleinletters, syfers en spesiale karakters insluit. Gebruikers met vrae of probleme kan die IT-hulpkantoor nader.

Daarbenewens is US-gebruikers vanaf 1 Augustus **hulle onbeperkte stoorruimte op Microsoft kwyt**. Microsoft het aangekondig dat stoorplek van 1 TB tot 50 GB per gebruiker verminder sal word. Ons besef dit sal ’n beduidende invloed op ons personeel en studente hê. Daarom werk die Afdeling Informasietegnologie (IT) aktief saam met ander hoëronderwysinstellings om alternatiewe oplossings te ondersoek.

E-posse van ouer as drie jaar sal outomaties na ’n aanlyn argief gestuur word. Gebruikers sal egter steeds toegang tot e-posse in die argief hê. Die aanlyn argief sal in ’n afsonderlike lêer in Outlook verskyn, soos wat die skermskote hier onder vir onderskeidelik Mac-gebruikers (*links*) en Windows-gebruikers (*regs*) aandui.




MS Teams-opnames sal outomaties ná 60 dae verstryk. Boonop sal hoogstens vyf weergawes van dieselfde lêer toegelaat word, en beleide oor die bewaring van dokumente sal hersien word om meer stoorplek beskikbaar te stel.

Kortom hoef US-gebruikers nie self ander stooropsies te ondersoek en aan te koop nie; IT sal alternatiewe institusionele oplossings voorsien.

### 1.19 Optrede om Eenheid vir Gelykwaardigheid en institusionele werk teen geslagsgebaseerde geweld doeltreffender te maak

’n Deskundige paneel wat uit prof Jane Bennett en Gillian Mitchell (albei van die Universiteit van Kaapstad) bestaan, het ’n **beoordeling van ons Eenheid vir Gelykwaardigheid** onderneem om te bepaal hoe doeltreffend die Eenheid klagtes oor teistering en diskriminasie bestuur. Die beoordeling het uit die aanbevelings van die Khampepe-verslag gespruit.


Die paneel het op die volgende ses kernkwessies gekonsentreer:

- Hoe belanghebbendes oor die hele kampus die Eenheid vir Gelykwaardigheid verstaan
- Die Eenheid se sigbaarheid en doeltreffendheid in klagtebestuur
- Die Eenheid se vorm en struktuur
- Die sterkpunte en uitdagings van die klagteproses
- Verhoudings met ander kampusdepartemente en -vennote
- Die Eenheid se plek en hulpbronne in die konteks van die verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig

Die paneel het in hulle verslag sekere swakplekke uitgewys in die Eenheid se vermoë om teisteringsklagtes bevredigend te hanteer, hoewel baie daarvan toegeskryf is aan die geïsoleerde klagtebestuursproses van die Universiteit eerder as die werk van die Eenheid self. Volgens die paneel is die Eenheid vir Gelykwaardigheid as't ware 'onsigbaar' as gevolg van 'n gebrek aan institusionele gesag sowel as hulpbronne en erkenning.

Die 17 aanbevelings in die verslag handel oor die Eenheid se strukturele ligging, hulpbrontoekenning, die herontwerp van sy programme, en die behoefte om die kwessie van teistering by die Universiteit te prioritiseer.

Daarbenewens het 'n voortdurende gebrek aan kworums vir die vergaderings van **ons institusionele Komitee vir die Monitering van Geslagsgebaseerde Geweld**, wat onder die Rektoraat val, nou daartoe gelei dat die Viserektor: Leer en Onderrig moet ingryp. Enige verdere vertragings om ons beleid oor onbillike diskriminasie, teistering en geslagsgebaseerde geweld, die institusionele strategiese plan oor geslagsgebaseerde geweld en die institusionele oudit van geslagsgebaseerde geweld af te handel hou risiko's vir ons universiteit in en moet op die hoogste vlak hanteer word. Dít volg nadat slegs 281 respondente aan die Eenheid vir Gelykwaardigheid se derde anonieme aanlyn opname oor seksuele teistering en geslagsgeweld onder geregistreerde studente deelgeneem het – 'n skrale 20% van diegene wat die opname wou voltooi (*sien grafiek hier onder*). Die opname bepaal die voorkomssyfer en insidensie van seksuele aanranding, verkragting en seksuele dwang by die US én in die loop van 'n student se leeftyd, sowel as opvattings oor die kampusklimaat en steundienste.




| Complete | Incomplete | Test | Total |
|---|---|---|---|
| 281 (20.50%) | 1090 (79.50%) | 0 | 1371 |

## TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* sê die volgende oor hierdie tema: "[Ons] wil … toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul." Die skep van 'n transformerende studente-ervaring

behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

### 2.1 Voorheen onontginde markte kan nou ook in transformerende ervaring deel

Ons Afdeling Studentewerwing het ná 'n omvattende studie van die hoëronderwyslandskap in 2023 'n konsep- geïntegreerde werwingstrategie opgestel wat voorheen onontginde markte by ons studentewerwingspogings insluit. 'n Klem op hierdie markte, waaronder nagraadse, internasionale en volwasse studente, sal ons die studentegemeenskap in pas met ons strategiese doelwitte help diversifiseer.

Die strategie is deur die Rektoraat goedgekeur en word nou met interne rolspelers, veral fakulteite, bespreek aangesien die sukses daarvan US-wye toewyding, duidelike inskrywingsdoelwitte en voldoende hulpbronne sal vereis.



Dell Young Leaders
Wellness Activation: Community Cook

### 2.2 Voortgesette omvattende bystand vir beursstudente

Die **Dell Young Leaders-program** by die US het 579 voor- en 24 nagraadse studente vir die akademiese jaar 2024 terugverwelkom. Sedert aanvang in 2020 het die program 'n behoudsyfer van 96% gehandhaaf, 665 studente gebaat en 58 graduati opgelewer. Dit is veral opmerklik dat alle Dell Young Leaders-graduati van 2023 binne drie maande werk gekry of vir verdere studie ingeskryf het.

In die verslagtydperk het studente as deel van die welstandskomponent van dié program aan 'n gesamentlike kosmaakdemonstrasie deelgeneem wat gesonde eet- en kosbereidingsgewoontes bevorder het (*sien collage hier bo*). Komende geleenthede sluit in 'n welstandskonferensie en 'n aanlyn 'oefenkamp' om finalejaarstudente vir die oorgang na die wêreld van werk voor te berei.

Die huidige kohort van 30 studente in die **Carl & Emily Fuchs-stigting-Kanseliersbeursprogram** het 'n merkwaardige geweegde slaagsyfer van 96,8% in 2023 aangeteken, en 41,3% het onderskeidings behaal. Altesaam 22 voor- en ses nagraadse studente word vir die akademiese jaar 2024 ondersteun. Dié program, wat op die 'ontbrekende middel' afgestem is, bied nie net finansiële bystand nie, maar verleen ook omvattende steun om akademiese sukses en persoonlike groei te verseker. Elke student ontvang R75 000 se finansiering tesame met mentor- en tutorbystand, psigososiale ondersteuning, en intervensies vir persoonlike en professionele ontwikkeling.

Agtien voorgraadse US-begunstigdes van die **Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)** het vir die akademiese jaar 2024 teruggekeer nadat die 25 graduati van 2023 hetsy die wêreld van werk betree of vir nagraadse studie ingeskryf het. Die programspan het ook 69 nuwe begunstigdes verwelkom as deel van kohort 2024, wat vir die eerste keer

studente op nagraadse vlak en in programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe insluit. Gevolglik is inname 2024 die grootste groep studente sedert die aanvang van ISFAP by ons instelling in 2018. Die ISFAP-stigting het reeds R90,9 miljoen aan beursfinansiering (studiekoste) vir US-studente bestee. Dít sluit die koste van aanvullende steun en vergoeding vir die US se ISFAP-spanlede uit.


### 2.3 Grondwethersiening verbeter studenteregering

Die Studenteraad (SR) hersien tans die US se Studentegrondwet. Hulle word deur die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur in samewerking met Studentesake ondersteun. Die SR'e op Tygerbergkampus en by die Militêre Akademie onderneem terselfdertyd 'n soortgelyke proses om te sorg dat hulle onderskeie grondwette met die ervarings en behoeftes van US-studente op daardie kampusse strook.

Dít is 'n geleentheid vir ons studenteleiers om meer oor grondwetwysigings te leer terwyl hulle ook aktief daaraan werk om te sorg dat ons institusionele doelwitte, visie en missie tot uiting kom in ons oorsigbestuursdokumente én uitgevoer word.

### 2.4 'n Meer diverse residensiële ervaring

Swart Afrikaan-eerstejaars in US-koshuise het van 2020 tot 2024 met 'n goeie 37% toegeneem (*sien grafiek hier onder*). Die Studentehuisvestingskantoor het die koshuisplasingsbeleid suksesvol toegepas om die mikpunt vir 2024 te bereik, naamlik om 50% van eerstejaars uit die swart Afrikaan-, bruin, Indiër- en Asiërgroep in ons Stellenbosch- en Tygerbergkoshuise te plaas.




| | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 |
|---|---|---|---|---|---|
| Wit | 50,90% | 50,65% | 47,10% | 46,94% | 47,90% |
| Weerhou | 1,65% | 1,53% | 2,20% | 1,99% | 2,17% |
| Swart Afrikaan | 23,45% | 22,64% | 29,57% | 28,54% | 31,90% |
| Bruin | 20,73% | 21,34% | 18,23% | 19,35% | 15,23% |
| Indiër/Asiër | 3,26% | 3,85% | 2,90% | 3,18% | 2,80% |

Die afname van 26% in bruin eerstejaars wat sedert 2020 koshuisplek gekry het, moet beskou word teen die agtergrond van die afname van 12% in inskrywings uit dié groep.

### 2.5 Verseker voortgesette toegang tot eksamenvergunnings vir kwalifiserende studente

Aangesien studente vir die akademiese jaar 2024 op die nuwe SUNStudent-stelsel geregistreer is, het fakulteite nie toegang gehad tot die eksamenvergunningslyste op ons ou studente-inligtingstelsel nie. Om dít met die oog op ons midsemesterassesserings te oorbrug, het die Sentrum vir Bedryfsintelligensie data van sowel 2023 as 2024 geïntegreer en die nuwe lyste aan fakulteite beskikbaar gestel.

## 2.6 Verbreed sowel plaaslike as internasionale studente se horisonne

Ons Japansentrum en US Internasionaal se Sentrum vir Globale Skakeling het van 3 tot 6 Maart besoek ontvang van 'n groep studente van Sophia-universiteit in Tokio. Hulle het lesings oor gelykwaardigheid en leierskap in die globale klaskamer, skakeling tussen die globale Suide en Noorde sowel as die gesondheid- en sosialegeregtigheidsaspekte van MIV in Suid-Afrika bygewoon. Daarbenewens het die studente aan storiekringe en ander aktiwiteite saam met Matie Buddies deelgeneem en ook 'n aanbieding gelewer oor hulle universiteit as 'n moontlike uitruilbestemming vir US-studente.

## 2.7 Erkenning vir top-eerstejaars van 2023

Ons het op 21 Maart ons jaarlikse Eerstejaarprestasietoekennings aangebied. Soos gewoonlik het die geleentheid nie net die top-eerstejaars van 2023 in ál ons fakulteite gevier nie, maar ook erkenning verleen aan die dosente wat – volgens die studente self – 'n positiewe invloed op hulle akademiese ervaring en sukses gehad het. Die studente en dosente het briewe uitgeruil wat hulle vir mekaar geskryf het, en elke benoemde het ook 'n sertifikaat van erkenning ontvang.


## 2.8 Beproef nuwe stelsel om studenteterugvoer te transformeer

Ons wil graag die klem van studenteterugvoer by die US van die evaluering van onderrig na die verbetering van studenteleer verskuif. Daarom stel ons vanjaar 'n nuwe terugvoerstelsel bekend. Die eerste stelselproef is op 11 Maart in 'n beperkte getal BRek- en BCom-modules van stapel gestuur. Verdere modules is tussen 18 Maart en 2 April bygevoeg. Die doel was om die bedryfsfunksies van die nuwe stelsel, 'n produk van die Kanadese verskaffer Explorance, te toets en die praktyk van formatiewe terugvoer in die middel van die semester te begin vestig.

By die skryf van hierdie verslag was pasgemaakte weergawes van die stelsel vir ons verskillende departemente byna klaar, betyds vir die terugvoertydperk aan die einde van die eerste semester (13–17 Mei).

## 2.9 Taal- en geletterdheidsteun versterk studentesukses

Byna 4 000 studente het in 2024 vir die Taalsentrum se **modules in akademiese en professionele geletterdheid** ingeskryf (*sien inligtingsgrafiek hier onder*). Hierdie kredietdraende modules rus studente toe om in multikulturele akademiese en professionele omgewings te funksioneer.




Belangstelling in die dienste van die Leeslaboratorium het aansienlik toegeneem. Dié fasiliteit ondersteun meer as 3 400 studente deur sy aanlyn leesbegripprogram, ReadTheory. Werksessies en meesterklasse oor **doeltreffende akademiese lees- en begripsvaardighede** het al oor die 1 500 studente gebaat.

Die Skryflaboratorium verleen op sy beurt noodsaaklike **bystand met akademiese skryfwerk** en het reeds 23 werksessies vir 568 studente in alle fakulteite aangebied. Gedurende dié sessies word die nodige vaardighede vir die skryf van navorsingsvoorstelle, tesisse en proefskrifte oorgedra. Daarbenewens het die Laboratorium tussen Januarie en Maart 2024 alleen 879 skryfkonsultasies aangebied.

### 2.10 Opedag ontsluit Studentesake se dienste vir Tygerbergstudente




'n Opedag van die Afdeling Studentesake op 16 April het bewustheid geskep van die steundienste, leierskapsopleiding en ko-kurrikulêre geleenthede tot ons Tygerbergstudente se beskikking (*sien plakkaat langsaan*). Studentesake-personeel van Stellenboschkampus het by hulle Tygerbergkollegas aangesluit om met studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe te skakel. Die Sentrum vir Studentelewe en -leer sowel as die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling het stalletjies met inligting en brosjures gehad.

Ook die Tygerbergstudenteraad, die Onafhanklike Verkiesingskommissie en die US se gelukbringer, Pokkel, het aan die geleentheid deelgeneem. 'n Gelukstrekking het tot die opwinding bygedra en skakeling met Studentesake se personeel aangemoedig.

### 2.11 Studenteleiers dink na oor nasionale en institusionele transformasie

Die Galery van die Universiteit Stellenbosch (GUS) en studenteleiers beplan saam met die US Museum aan 'n uitstalling en gesprek oor 30 jaar van demokrasie in Suid-Afrika en die US se eie transformasie. Die doel van die inisiatief is om studenteleiers te help verstaan hoe Suid-Afrika en die US albei sedert apartheid getransformeer het en om hulle aan te moedig om vergelykings met hulle eie diverse omstandighede en ervarings op Stellenbosch te tref.

### 2.12 Tweede verwelkomingsgeleentheid maak voorsiening vir pendelstudente




Ons Eenheid vir Pendelstudentegemeenskappe ondersteun US-studente wat in privaat huisvesting woon. Die Eenheid het op 9 Maart 'n tweede verwelkomingsgeleentheid gereël (*sien foto hier bo*) om nuwelinge te verwelkom wat die eerste verwelkoming in Februarie

weens komplikasies met SUNStudent en koshuisplasings misgeloop het. Die groep het baie pendelstudente ingesluit, veral ook nuwe nagraadse studente uit die .Net-gemeenskap (d.w.s. Rubix.net, amaMaties.net en Wimbledon.net), wat spesifiek bedoel is vir senior en nagraadse studente wat nie in senior koshuise tuisgaan nie.

Die doel was om die studente by die kampuslewe te laat inskakel en hulle toegang te bied tot steundienste en ontwikkelingsgeleenthede. Ons Viserektor: Leer en Onderrig en studenteleiers het die nuwelinge verwelkom.

### 2.13 Staan nagraadse studente by om toegang tot finansiering te bekom

Ondanks vertragings met die **implementering van SUNStudent** vir die verwerking van nagraadse beurse, werk ons Nagraadse Finansieringskantoor pligsgetrou om te sorg dat alle betalings verwerk word. Die meeste kwessies hou verband met departementele beurse.

Ná die jongste toekenningsronde vir die **US Nagraadse Beursprogram** word 200 nuwe honneurs-, magister- en doktorale begunstigdes nou ondersteun. Hierdie program bly noodsaaklik vir die sukses van die nagraadse pypleiding en vul die ernstige leemte wat gelaat is deur die drastiese afname in bystand van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) sedert 2016.

Die US het vanjaar die meeste **NNS-magistertoekennings** sedert 2018 ontvang. Altesaam 112 toekennings is in die jongste ronde aan ons toegestaan. Nietemin toon doktorale toekennings 'n kommerwekkende afname van 78 in 2023 tot 61 in 2024, wat die wisselvalligheid en onsekerheid van die jaarlikse NNS-toekennings onderstreep.

Die **Harry Crossley-stigting** het 'n bykomende tien honneursbeurse vir die akademiese jaar 2024 beskikbaar gestel, tesame met 'n ekstra R1 miljoen se finansiering om nagraadse studie te ondersteun. Saam met die Nagraadse Finansieringskantoor sal hulle ook 'n aanvullende steunprogram implementeer wat op welstand, werkgereedheid en loopbaanontwikkeling konsentreer en deur 'n skenking van R200 000 ondersteun word.

Boonop gaan die US voort om met die **Mandela Rhodes-beursprogram** saam te werk. Nagraadse Finansiering het op 10 April inligtingsessies aangebied oor dié program, wat leierskapsontwikkeling en finansiële bystand voorsien.

### 2.14 Slyp nagraadse studente se vaardighede

Die Nagraadse Kantoor se vaardigheidsontwikkelingsprogram het in die eerste kwartaal van 2024 altesaam 20 nagraadse oriënteringsessies op versoek van US-fakulteite aangebied. Hierdie sessies het sowat 1 300 nagraadse studente bereik.

Ses van die 35 geskeduleerde nagraadse werksessies vir 2024 is ook suksesvol aangebied, en ongeveer 300 studente het dit bygewoon. Die sessies het gehandel oor die kennis en vaardighede wat nagraadse navorsingstudente gewoonlik aan die begin van hulle navorsingsreis nodig het, soos 'n inleiding tot akademiese skryfwerk, projekbestuursbeginsels, voorbereiding vir publikasie, navorsingsbeginsels, voorstelskryf, en 'n oorsig van navorsingsmetodologie. Werksessies is gratis vir alle geregistreerde nagraadse studente van die US.

### 2.15 Kampussportaande kry Maties aan die beweeg

Drie van ons ses beplande Kampussportaande vir 2024 het in die oorsigtydperk plaasgevind (6 Maart en 10 & 24 April) (*sien collage hier onder*). Die oorblywende drie geleenthede word vir 31 Julie, 21 Augustus en 18 September beplan. Die sportaande skep nie net 'n samehorigheidsgevoel nie, maar dien ook as 'n noodsaaklike uitlaatklep vir studente om te ontspan en te herlaai te midde van hulle besige akademiese programme.



## TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie tema word soos volg in *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf: "As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US skakel en saamwerk met belanghebbendes, die gemeenskappe wat ons bedien, die bedryf, die regering en ons universiteitsvennote in plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid."

### 3.1 Bou en bevorder vennootskappe

Ons het die afgelope paar maande 'n hele klomp afvaardigings van 'n aantal bestaande en voornemende plaaslike en buitelandse vennote en belanghebbendes ontvang. Dít sluit die volgende in:

| | |
|---|---|
| Maart | Verskeie Chinese openbare universiteite, die universiteite van Kaapstad en Nottingham (Verenigde Koninkryk), die Deense ambassade, Northwestern-universiteit (Verenigde State), University College Dublin (Ierland), die verdedigingsattaché vir Nederland, en die Taiwanse konsulaat in Kaapstad |
| April | Die Michael & Susan Dell-stigting (Verenigde State), die Universiteit van die Vrystaat, en die Noordelike Instituut vir Tegnologiebestuur (NIT) van die Tegniese Universiteit Hamburg-Harburg (TUHH) (Duitsland) |
| Mei | Die Amsterdamse Universiteit vir Toegepaste Wetenskappe (Nederland), die Universiteit van Lausanne (Switserland), die Universiteit van Richmond (Verenigde State), en Bocconi-universiteit (Italië) |

### 3.2 Medegasheer vir AC21-nalatenskapsimposium

Die US het met die universiteite van Straatsburg en Freiburg saamgewerk om van 10 tot 12 Maart die AC21-nalatenskapsimposium op Stellenbosch aan te bied. Die simposium was die amptelike afsluiting van die aktiwiteite van die AC21-universiteitsnetwerk, en het terselfdertyd gedien as 'n voorafgeleentheid vir die byeenkoms van die Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerk (SIAN) (*meer hieroor volg hier onder*).

US Internasionaal en ons SDG/2063 Impaksentrum was die koördineerders van die simposium, waar navorsers, jong vakkundiges en nadoktorale genote hulle werk oor gesondheid en welstand, bekostigbare energie en nywerheidsinnovasie (onderskeidelik volhoubare ontwikkelingsdoelwitte 3, 7 en 9) kon aanbied.

### 3.3 Skakeling met ons internasionale akademiese vennote

Die jaarlikse SIAN-byeenkoms van 13 tot 15 Maart het meer as 100 afgevaardigdes van 70 van ons vennootuniversiteite in 27 lande byeengebring. Hoofsessies het oor verskeie internasionaliseringsonderwerpe gehandel, waaronder verantwoordelike internasionalisering by die US. Die formele program is aangevul deur 'n Study Abroad-skou en werksessies oor hoëronderwysvermoë in Afrika en samewerking met Europa, gevolg deur 'n besoek aan ons Ukwanda Landelike Kliniese Skool op Worcester. US Internasionaal het 'n amptelike afsluitingsbyeenkoms aangebied.

### 3.4 Werk saam om gehalte van internasionale skoolverlaterskwalifikasies te verseker

Ons Eenheid vir Internasionale Kwalifikasies (SU-UIC) het vroeg in Maart aanlyn opleiding oor kurrikulumontwikkeling en assessering aangebied vir gehalteversekeringsbeamptes van die **Eksamenraad van Lesotho (ECoL)**. Onderhandelinge oor 'n nuwe diensteooreenkoms met ECoL vir 2024, waaronder verdere opleiding en beoordelings, is aan die gang.

Ook in Maart het die SU-UIC 'n studie aangevoor om **Lesotho se Gevorderde Sekondêre Sertifikaat** met drie ander buitelandse kwalifikasies op dieselfde vlak te vergelyk.

Wat die **Onafhanklike Eksamenraad se Internasionale Sekondêre Sertifikaat (IEB-ISC)** betref, is die uitslae van die vraestelle van November 2023 wat vir hernasiening ingedien is op 4 Maart vrygestel en deur die SU-UIC se taakgroep nagegaan. Die standaardiseringsubkomitee het op 9 April byeengekom om vir die volgende eksamenronde in Mei 2024 voor te berei.

### 3.5 US besoek vennoot Universiteit van Groningen

'n US-afvaardiging wat uit die Rektor en Visekanselier, drie viserektore, dekane en senior akademici bestaan het, het van 7 tot 12 April besoek afgelê by die Universiteit van Groningen (UG) om ons strategiese vennootskap te versterk. Die program het 'n aantal hoofsessies, individuele en groepvergaderings sowel as besoeke aan UG se verskillende voorpuntnavorsingsfasiliteite ingesluit. 'n Hoogtepunt van die week was die dinee wat by UG se Energie-akademie aangebied is, waar gesprekke gewentel het om energieoorgange, digitale transformasie en biomediese oplossings – die vernaamste samewerkingsgebiede tussen die US en UG.

Verdere fokuspunte van die besoek was samewerking tussen die twee instellings se transdissiplinêre skole, die ontwikkeling van navorsings- en wetenskaplike vermoë, onderwysinnovasie en -leierskap, gesamentlike akademiese aanstellings, fondswerwing, inligtingsoorsigbestuur, en die belyning van institusionele planne en beleide.

### 3.6 US Japansentrum en Japanse ambassade bied seminaar oor wiskunde-onderrig aan

Ons Japansentrum en die Japanse ambassade in Suid-Afrika het in Maart 'n seminaar oor innoverende praktyke op die gebied van wiskunde-onderrig aangebied. Wiskunde-onderwysers en -dosente in die primêre, sekondêre en tersiêre onderwysstelsels van Suid-Afrika en Japan het gesels oor die vele vernuwende maniere waarop wiskunde-onderrig op skool en universiteit benader kan word. Deelnemers het ook beraadslaag oor hoe strukturele uitdagings soos 'n tekort aan hulpbronne of infrastruktuur hanteer kan word.

### 3.7 Deel van EUTOPIA Alliansie se Taleweek




Ons instelling het vanjaar vir die eerste keer deelgeneem aan die EUTOPIA Alliansie se Taleweek van 4 tot 8 Maart.

Die EUTOPIA Alliansie is 'n internasionale platform vir kennis- en kultuuruitruiling. Die US is een van slegs ses nie-Europese vennootuniversiteite met wie EUTOPIA saamwerk.

Vir Taleweek het personeel en studente van vennootinstellings aan aanlyn geleenthede deelgeneem om tale, kultuur en diversiteit te vier. Taleweek by die US het uit 'n wye verskeidenheid aktiwiteite in 'n hele klomp van ons departemente bestaan. Aktiwiteite is met meertaligheidsfinansiering van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) ondersteun en deur die US Taalsentrum gekoördineer.

### 3.8 Vennootskap loop uit op sorgsentrum vir slagoffers van geslagsgeweld

Ons universiteit is een van verskeie vennote wat meegewerk het tot die bekendstelling van die eerste bystandsentrum vir slagoffers van geslagsgebaseerde geweld wat nié op 'n hospitaalperseel geleë is nie en oor sy eie oornagfasiliteite beskik.

Die Stellenbosse Sentrum vir Geslagsgebaseerde Geweld – 'n vlagskipprojek in samewerking met INSPIRE, die Ring for Peace Cape Trust, die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Stellenbosch Munisipaliteit, die privaat sektor en betrokke burgers – het op 16 April die **Thuthuzela-sorgsentrum (TSS) in Idasvallei** amptelik bekend gestel. Nes alle ander TSS'e, bied die Stellenbosse fasiliteit psigososiale, mediese en regsdienste aan slagoffers van geslagsgeweld om sekondêre viktimisasie te verminder, die skuldigbevindingsyfer te verhoog en sake vinniger afgehandel te kry.

Boonop is die US 'n lid van die **Stellenbosse Slagofferbemagtigingsforum**, wat op 5 April bekend gestel is. Die forum word saamgeroep deur die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Ander lede sluit in die SAPD, die NVG, en nieregeringsorganisasies wat slagoffers van geslagsgeweld ondersteun.

### 3.9 Biblioteek bou vennootskappe en netwerke

Die US Biblioteek ontvang gereeld gaste as deel van die Biblioteek se strewe na vennootskappe en netwerke. Van die vernaamste besoekers in die eerste kwartaal van 2024 sluit in:



- prof Daniel Adjei-Boateng, dr Patrick Karani en mnr Etienne Hinrichsen van die AU-InterAfrika Buro vir Dierehulpbronne (14 Maart), wat besoek afgelê het vir 'n algemene toer wat deur AgriWetenskappe se Departement Veekunde gereël is;
- dr Jonathon Woodyard van die Southwest Baptist University in die Verenigde State (18 Maart), wat na ons biblioteekruimtes kom kyk het, met 'n bepaalde klem op die Navorsingsentrum en die Makerspace; en
- prof Luciano Saso van Sapienza-universiteit in Rome (19 Maart), wat meer oor die Biblioteek se dienste te wete wou kom (*tweede van links op foto hier bo, saam met die US Biblioteek se senior bestuurspan*).

### 3.10 Maties Sport en Stellenbosch Sokkerklub stig vrouesokkerafdeling

Maties Vrouesokker het 'n samewerkingsooreenkoms met die Stellenbosch Sokkerklub (SFC) aangegaan om vrouesokker in die Wynland te bevorder en Maties Sport se toekomstige werwingstrategie te ondersteun. Die ooreenkoms behels onder meer die oordrag van Maties Sport se mededingerstatus in die Sasol-vroueliga na SFC.

Maties Sport se doelwit is dat ons vrouesokkerspelers vanjaar onder die voorste agt by die USSA-kampioenskapstoernooi sal eindig, wat ons span 'n plek in die Varsity Sokker-kragmeting van 2025 sal besorg.



### 3.11 Ondersoek samewerking met die Dene

'n Afvaardiging wat bestaan het uit die Deense ambassadeur in Suid-Afrika en senior leiers van VUC Storstrøm, 'n onderwyssentrum vir jongmense en volwassenes, het met die US Rektoraat vergader (*sien foto*) om moontlike samewerking te bespreek. Die besoekers het veral belang gestel in ons multidissiplinêre module Medemenslikheid, wat studente toerus om sosiale geregtigheid te bevorder. Ander onderwerpe wat bespreek is, was die demokratisering van digitale leer, vennootskappe vir 'n groen oorgang, en navorsingsgeleenthede.



Die verteenwoordigers van VUC Storstrøm het ook die Eenheid vir Ervaringsleer besoek om 'n gesamentlike projek oor lewenslange leer en internasionale kurrikulumontwikkeling te beplan. Die inisiatief word deur die Globus Project gefinansier. Kort daarna het tien Deense studente en twee Deense opvoeders saam met ses personeellede en tien studente van die US aan 'n ervaringsleergeleentheid deelgeneem (*foto langsaan*). Die doel was om bande tussen die globale Noorde en Suide te versterk deur soortgelyke omstandighede in die twee wêrelddele se onderwysstelsels te identifiseer wat gemarginaliseerde, diensarm mense se sosiale mobiliteit aan bande lê.

## TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Volgens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie tema die volgende: "Die US pak hiermee 'n reis van genetwerkte en samewerkende onderrig en leer aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

"Die Universiteit het ook 'n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as 'n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep 'n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde 'n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke."

### 4.1 Auxin steeds 'n bron van interaktiewe leer oor onderrig, leer en assessering (OLA)

Ons maandelikse aanlyn Auxin-sessies dien as 'n interaktiewe leergemeenskap waar US-akademici mekaar in hulle OLA-verantwoordelikhede ondersteun.

Vir die sessie in Maart het drs Brendon Pearce en Jeannine Marais (albei van AgriWetenskappe) vertel hoe hulle op terugvoer van hulle studente reageer. Een van die belangrikste boodskappe uit hulle aanbieding was die belang daarvan om die studentestem te erken.

Dr Gert Young, die Sentrum vir Onderrig en Leer se senior raadgewer vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, het vir die April-sessie gesels oor die navorsingsmoontlikhede wat studenteterugvoer bied. Hy het onder meer 'n onderskeid getref tussen studenteterugvoer as 'n navorsingsonderwerp en as 'n navorsingsinstrument.

### 4.2 Delf dieper in doktorale studieleiding



Die Afdeling Leer- en Onderrigverryking se eerste kwartaallikse OLA-seminaar vir 2024 het op 14 Maart plaasgevind. Spreker prof Susan van Schalkwyk, 'n US-onderriggenoot en die direkteur van die Sentrum vir Gesondheidsberoepsonderwys in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, het die bevindinge van haar genootskapsnavorsingsprojek oor doktorale studieleiding bespreek. Sy het onderhoude met 23 doktorale kandidate en tien promotors in tien verskillende lande gevoer om die ervaring van studieleiding uit albei oogpunte te ondersoek. Haar bevindinge oor die dinamiese aard van die studieleidingsverhouding hou implikasies in vir hoe ons doktorale studieleiding benader en kwessies van kennis en mag hanteer.

### 4.3 Hou aan bou aan akademieskap in Afrika

By die skryf van hierdie verslag was US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap (ACS) hard aan die voorberei vir gesamentlike skole met die Namibiese Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie (NUST) en die Universiteit van Malawi (UNIMA), wat onderskeidelik van 13 tot 17 Mei en van 27 tot 31 Mei sou plaasvind. Elke skool – wat deel uitmaak van die ACS se inisiatief vir ontluikende akademici – het uit twee kursusse bestaan: Akademiese Skryfwerk en Studieleiding by NUST, en Grondbeginsels vir Nagraadse Studie en Studieleiding by UNIMA. Die moontlikheid van 'n derde skool later dié jaar word ook ondersoek.

### 4.4 ADA stoom voort met meestersklasse en winterskool

Ná sy suksesvolle hibridiese somerskool in Februarie het die Afrika Doktorale Akademie (ADA) op 13 Maart sy eerste **meestersklaswebinaar** vir die jaar aangebied. Die webinaar, onder leiding van prof Wayne A. Babchuk van die Universiteit van Nebraska-Lincoln (Verenigde State), het 239 deelnemers oor die beginsels en praktyke van kwalitatiewe navorsing, met 'n bepaalde klem op etnografiese navorsing, ingelig. Vir die tweede meestersklas, wat vir April beplan is, het 662 deelnemers geregistreer, maar dit moes weens onvoorsiene omstandighede uitgestel word.

Daarbenewens maak die ADA gereed vir sy gewilde **winterskool** van 24 Junie tot 19 Julie. Aansoeke vir die skool, wat uit 16 kursusse bestaan, het aan die einde van April geopen. Vanjaar se aflewering sluit onder meer 'n voorstelskryfkursus in Frans in om vir deelnemers uit Franssprekende Afrika voorsiening te maak en sodoende die ADA se reikwydte verder uit te brei.


### 4.5 Taalsentrum ondersteun leer in Spraak-Taalterapie-module

Ons Taalsentrum het op 28 Maart 'n verkorte weergawe van hulle werksessie "Bou gemeenskappe deur meertaligheid" vir tweedejaarstudente in die program Spraak-Taalterapie aangebied. Die doel was om die studente se kliniese beskouing van die kurrikulum met 'n sosiale siening van taal te balanseer. In die besonder het die werksessie studente se kulturele bevoegdheid help ontwikkel en hulle van hulle eweknieë se taaldiversiteit bewus gemaak.

### 4.6 Bestendige groei in hibridiese leer

Nadat 'n versoek vir voorstelle in April 2023 uitgereik is, het verskeie fakulteite nuwe nagraadse hibridieseleer- (HL-)programme voorgelê aan ons institusionele HL-inisiatief, wat deesdae onder die Sentrum vir Leertegnologieë val. Van die voorstelle wat HL-finansiering ontvang het, is die ontwerp van 'n gestruktureerde MIng in Chemiese Ingenieurswese (vir implementering in 2024), die herontwerp van 'n Nagraadse Diploma in Omgewingsbestuur, en die ontwikkeling van 'n nuwe gestruktureerde MSc in Bio-informatika van Infeksiesiektes en Patogeengenomika (albei vir implementering in 2025). Soos die inligtingsgrafiek hier onder toon, het belangstelling in HL sedert aanvang aansienlik toegeneem.

Van die vernaamste HL-programme wat vanjaar ná aanvanklike implementering deur die HL-span aan US-omgewings oorhandig is, sluit in die Nagraadse Diploma in Noodverpleegkunde, die Kennisvaardigheidsmodule vir eerstejaars in verskillende fakulteite, die ePhys-vaardigheidsleereenhede, en die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling.




### 4.7 Vierde StellenboschX-kursus aan die kom

Die US se StellenboschX-portefeulje, wat deel uitmaak van ons HL-inisiatief, het tot drie professionele sertifikate aangegroei, naamlik Strategiese Menslikehulpbronbestuur, Kunsmatige Intelligensie (KI) in Hoër Onderwys, en Media- en Digitale Beleid in Afrika. Ál drie lok 'n diverse wêreldwye studentegehoor.

Die HL-span werk tans saam met ons Taalsentrum aan 'n vierde kursus, die Professionele Sertifikaat in Meertalige Bemeestering: Die Aanvaarding van Taaldiversiteit. Hierdie sertifikaat sal deelnemers 'n omvattende begrip bied van die belang van meertaligheid om bande te smee en inklusiewe gemeenskappe te bou. Die vier onderling verwante eenhede

van die kursus sal op die rol van meertaligheid in die bevordering van interkulturele begrip en samewerking konsentreer.

### 4.8 Twee nuwe TAU-genote sluit hulle by nasionale kader onderrigkenners aan



Vir die 2024/25-ronde van die genootskapsprogram vir die bevordering van universiteitsonderrig (TAU) het die TAU-keuringskomitee twee US-benoemdes, naamlik prof Elize Archer (Sentrum vir Gesondheidsberoepsonderwys) (*links*) en dr Shantal Windvogel (Departement Biomediese Wetenskappe) (*regs*), aanvaar. Hulle eerste kontaksessie vind in Julie 2024 plaas.



Die doel van die TAU-genootskappe is om 'n nasionale kader onderrigkenners op te bou. Aktiwiteite gedurende elke 19 maande lange genootskapsronde sluit in kontaksessies in blokweke, individuele projekte in genote se eie onderrig- en leeromgewings, groepprojekte, en nadenkende verslae.

### 4.9 Maak reg vir die NUTA's

Die kantoor van die Viserektor: Leer en Onderrig het die versoek vir aansoeke om die Nasionale Universiteitsonderrigtoekennings (NUTA's) – die nuwe weergawe van die nasionale HELTASA/RHO-toekennings vir uitnemende onderrig – onder alle fakulteite versprei. Drie van ons onderrigpersoneel het tot dusver aangedui dat hulle graag wil aansoek doen. Hulle word deur die Sentrum vir Onderrig en Leer bygestaan om hulle portefeuljes saam te stel. Aansoeke sluit op 30 Junie.

## TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Volgens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* impliseer navorsing vir impak by die US "die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien".

### 5.1 Deel van nuwe kluster van navorsingsuitnemendheid

Ons nuwe Beleidsinnovasielaboratorium (*raadpleeg die hoogtepunteverslag*) het nie op hom laat wag nie en sommer dadelik by die Afrika-Europa-kluster van navorsingsuitnemendheid (CoRE) oor die politiek van volhoubare ontwikkeling aangesluit. Die nuwe CoRE is een van drie wat onlangs by die klusterinisiatief van die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) en die Gilde van Europese Navorsingsintensiewe Universiteite (die Gilde) bygevoeg is.

Een van die inisiatiewe van die kluster hou verband met 'n projekvoorstel deur prof Willem Fourie, die hoof van die Beleidsinnovasielaboratorium. Die projek sal die potensiaal van masjienleer- (ML-)instrumente ontgin om Suid-Afrikaanse openbare beleide en wetgewing oor volhoubare ontwikkeling te ontleed. Die doel is om te bepaal hoe doeltreffend dit is om ML te gebruik om die samehangendheid van volhoubaarheidsbeleide

te ondersoek, moontlike prioriteite vir die bevordering van sodanige samehang te identifiseer, oor die etiek van verantwoordelike implementering te besin, en vermoë te bou vir toekomstige beleidvormers.

### 5.2 Eerste intreeredes vir die jaar getuig van impakryke navorsing





Vanjaar se intreeredesiklus het in April begin. By die skryf van hierdie verslag het die volgende vyf intreeredes reeds plaasgevind:

- **Prof Stephen Matope** van Ingenieurswese (*foto langsaan*), "Additiewe vervaardiging 'n deurbraak in gevorderde vervaardigingsingenieurswese" (4 April)
- **Prof Theo Broodryk** van Regsgeleerdheid, "Besinning oor klasaksie in Suid-Afrika die afgelope 30 jaar: 'n nasie gewoond aan swaarkry, maar skugter vir kollektiewe herstel?" (9 April)
- **Prof Sara Grobbelaar** van Ingenieurswese, "Om 'n gedeelde toekoms te skep: innovasie vir inklusiewe ontwikkeling" (18 April)
- **Prof Christie Dorfling** van Ingenieurswese, "Hidrometallurgiese ekstraksie van metale uit primêre en sekondêre hulpbronne" (18 April)
- **Prof Frank Tanser** van die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, "Die toename (en taning?) in Suid-Afrika se MIV-epidemie: 'n persoonlike perspektief" (23 April)

Ons intreeredes word deur Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking in samewerking met die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur gereël. Dit dien as 'n viering van ons pas aangestelde of bevorderde volprofessore en is boonop 'n geleentheid om met ons akademici se kundigheid en wetenskaplike deurbrake te spog. 'n Verdere 23 intreelesings word vir die res van 2024 beplan.

### 5.3 NNS-gradering steeds belangrik vir US-navorsers


Vir die **Nasionale Navorsingstigting (NNS) se graderingsronde wat in Maart 2024 gesluit het**, het US-navorsers 89 aansoeke ingedien. Altesaam 57 daarvan was vir die herevaluering van 'n bestaande gradering en 32 was nuwe aansoeke.






Soos die grafiek langsaan toon, het ons getal NNS-graderingsaansoeke die afgelope sewe jaar betreklik konstant gebly. Die afname in die ronde van 2019 (wat in Januarie 2019 gesluit het) kan waarskynlik toegeskryf word aan die ingrypende veranderinge in, en onsekerheid oor, die NNS se aansporingsfinansieringskema. Nietemin het syfers sedertdien weer gestabiliseer.

Die demografie van vanjaar se 89 aansoekers word in die volgende tabel en figure uiteengesit:

| Ouderdomskategorie | Getal aansoekers |
|---|---|
| **30–39** | 20 |
| **40–49** | 23 |
| **50–59** | 28 |
| **60–69** | 14 |
| **70–79** | 4 |




Die verwerking van **graderingsaansoeke in die ronde wat in Februarie 2023 gesluit het**, duur langer as wat verwag is weens administratiewe uitdagings by die NNS. Hoewel die NNS maatreëls getref het om hulle prosesse voortaan te stroomlyn, het die vertraging 'n aansienlike uitwerking gehad op die bekendmaking van graderingsuitkomste. Ons wag steeds op die NNS se besluit oor 49 van ons aansoeke. By die skryf van hierdie verslag het die hersiene NNS-tydlyn aangedui dat alle uitstaande uitkomste teen die einde van Mei 2024 bekend gemaak sou word.

### 5.4 Volgehoue groei in navorsingsuitsette

Die totale getal vaktydskrifartikels deur US-skrywers wat in 2023 in geakkrediteerde tydskrifte verskyn het, staan op 3 656 – byna 300 meer as in 2022 (3 370). By die skryf van hierdie verslag was die ouditering van hierdie en ander navorsingsuitsette (boeke, boekhoofstukke en konferensieverrigtinge) aan die gang om die sperdatum van 15 Mei vir die indiening van publikasies van 2023 by die DHOO te haal. Voorlopige syfers met betrekking tot publikasies en publikasie-eenhede sal daarná beskikbaar wees.

### 5.5 Trotse tuiste van Fulbright-Suid-Afrika-navorsingsbeurshouer



Prof Eileen Africa van die Afdeling Bewegingskunde en Oefeningterapie (*foto links*) is vir die akademiese jaar 2024/25 as 'n Fulbright-Suid-Afrika-navorsingsbeurshouer aangewys. Die beursprogram bied haar die geleentheid om vir 'n tydperk van tot nege maande navorsing op haar vakgebied by 'n akademiese of navorsingsinstelling in die Verenigde State te onderneem. Die einddoel is om sodoende die US se akademiese programme of kurrikulums te versterk.

## 5.6 Koördineerder van vier jaar lange ACEWATER III-projek

Ons instelling – deur middel van die sekretariaat van die AU/NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid (SANWATCE), waarvoor die US as gasheer optree – het in mid-April die ACEWATER III-projek in Nairobi, Kenia, van stapel gestuur (*sien groepfoto links onder*). Die projek, wat ondersteun word met Europese Kommissie-finansiering van sowat R100 miljoen (5 miljoen euro), sal deur US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika gekoördineer word, met dr Nico Elema (*foto regs onder*) as hoofnavorser.





Die vier jaar lange projek sal in samewerking met die 20 vennootinstellings van die AUDA-NEPAD-netwerk van watersentrums van uitnemendheid, en met die hulp van die Afrikaministersraad oor Water en die ekonomiese gemeenskappe van die verskillende Afrikastreke (SAOG, ECOWAS, EAC en ECCAS), onderneem word. Projekdoelwitte is soos volg:

- Om oorgrenswaterhulpbronbestuur en besluitneming in stroomgebiede soos die Blou Nyl, die Victoriameer (Nyl), Senegal, Niger, die Tsjadmeer, Turkana, Tanganjika, die Wit Nyl, Okavango, Oranje-Senqu en Zambezi te verbeter.
- Om in jaar 2 en 3 van die projek ten minste twee kortkursusse per lidinstelling aan te bied (40 kortkursusse altesaam).
- Om geleenthede te skep vir 79 personeellede en 120 ontluikende akademici om kort navorsings- en vaardigheidsuitruilbesoeke by AUDA-NEPAD-watersentrums van uitnemendheid af te lê.
- Om 20 akkurate en volledige jaarlikse monitering- en evalueringsverslae (een per watersentrum) in te dien.
- Om geleenthede te skep vir 152 personeellede en 48 nagraadse studente om deel te neem aan streekskonferensies, die tweejaarlikse Algemene Vergadering van die Afrikaministersraad oor Water, en die AfrikaSAN-konferensie, 'n vlagskipgeleentheid vir sanitasie en higiëne in Afrika.

### 5.7 Nuwe navorserprofielplatform bekend gestel




Die Afdeling Navorsingsontwikkeling het ons nuwe navorserprofielplatform, Discovery, bekend gestel, wat 'n profiel vir elke voltydse permanente akademiese personeellid en nadoktorale genoot bevat.

Discovery is meerdoelig: Dit fasiliteer onder meer mediaskakeling en openbare wetenskapkommunikasie, dui personeel se beskikbaarheid vir nagraadse studieleiding aan, en identifiseer navorsers vir moontlike samewerking en skakeling. Dit stel ook nasionale en internasionale vennote in staat om US-kenners op te soek, bevorder interdissiplinêre navorsingsnetwerke, en verhoog die sigbaarheid van die US se navorsingsterkpunte en individuele kundigheid.

Die platform dien boonop as 'n vertoonvenster vir navorsers se publikasie-uitsette en toon hoe hulle werk met die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte sowel as die Afrika-unie se doelwitte vir 2063 strook. Navorsers kan hulle profiele bywerk deur hulle US-netwerkbesonderhede op die Discovery-portaal in te voer, of via die platform vir navorsingsuitsette.

### 5.8 Voortgesette steun vir die US se nadoktorale navorsers

Die **Rektor se Nagraadse Genootskapsprogram**, met die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie aan die stuur, vorder goed. 'n Eerste kohort van 58 genote uit ál ons fakulteite is vir 2024 geïdentifiseer. Hierdie inisiatief beoog om die gemeenskap nadoktorale genote by die US vinniger te laat groei deur bykomende bystand van eksterne finansiers te bekom.

Twee **inligtingsessies** vir die algemene US-gemeenskap oor nadoktorale navorsingsbystand is tot dusver vanjaar aangebied, en 'n verdere vyf word beplan. Die **nadoktorale vermoëbouprogram** vir 2024 het ook op 10 April begin met 'n eerste werksessie oor die kuns van voorstelskryf. Die 18 nadoktorale genote wat die opleiding bygewoon het, is nou beter toegerus om aansoek te doen om navorsingstoekennings.

Ondanks aanvanklike uitdagings, maak ons boonop vordering met die **insluiting van nadoktorale navorsers op die SUNStudent-stelsel**. Altesaam 290 nadoktorale navorsers is reeds geregistreer, en ons mikpunt vir die jaar is 400.

## TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

*Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* beskryf ons mense as ons eerste "instaatsteller", en een van die elemente "wat alles moontlik maak", en sê dan: "Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die voorkeurwerkgewer te wees, beoog ons 'n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van 'n inklusiewe kampuskultuur vergestalt."

### 6.1 Eerste personeelbyeenkoms dink na oor hoogte- en laagtepunte van eerste kwartaal

Die eerste personeelbyeenkoms vir die jaar het op 20 Maart by die Adam Small-teaterkompleks plaasgevind. Deelnemers het oor die hoogte- en laagtepunte van die eerste kwartaal besin. Die geleentheid is ook regstreeks na lokale op ons ander kampusse gestroom. Op die agenda was aanbiedings deur die Rektor en Visekanselier, die Bedryfshoof en die Registrateur, en personeellede kon vrae stel aan die bestuurspan.

### 6.2 Uitslae van US se vierde personeelopname beskikbaar

Ons universiteit se vierde opname oor personeelwelstand en ons werkskultuur en -klimaat is aan die einde van 2023 onderneem. Die opname, wat deur die Afdeling Strategiese Inisiatiewe en Inligtingsoorsigbestuur behartig is, het sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe data ingesamel. ’n Samevatting van die bevindinge is in Februarie en Maart 2024 aan onderskeidelik die Rektoraat en die Algemene Bestuurdersvergadering voorgelê. Bestuurspanne word aangemoedig om na aanleiding van die bevindinge met aanbevelings vorendag te kom, en die dataontledingspan staan gereed om dieper insig te bied waar dit nodig is.

### 6.3 Kommunikasielaboratorium ondersteun personeelkommunikasie

Die Taalsentrum se Kommunikasielaboratorium gaan voort om met behulp van sy kortkursusse personeelkommunikasie by die US en in ander werkplekke te verbeter. Personeellede van Tygerbergkampus, Mediclinic en Remgro Bestuursdienste Beperk het die kursus Uitnemende Kommunikasie bygewoon. Vir die vlak 1A-beginnerkursus in Suid-Afrikaanse Gebaretaal, wat in samewerking met die Departement Algemene Taalwetenskap aangebied word, het personeel van ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus sowel as Boschendal-wynlandgoed ingeskryf. Om in die toenemende vraag na die Gebaretaalkursus te voorsien, word ’n tweede aflewering later vanjaar beplan.

Daarbenewens het die Kommunikasielaboratorium ’n aanbieding gelewer by die konferensie van SUPAN, die Universiteit Stellenbosch se netwerk vir persoonlike assistente. Die praatjie het uit waardevolle praktiese inligting bestaan oor hoe taal die dinamiek én kommunikasie in die werkplek beïnvloed.



**Prof Wim de Villiers,**

**Rektor en Visekanselier**

## MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE (17 Februarie tot 25 April 2024)

### Meningsartikels

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof André Roux | Stellenbosch Bestuurskool | Buy now, pay later strategy endangers future growth | IOL (17 Feb) |
| Prof Nhlanhla Mpofu | Kurrikulumstudie | Clinging to monolingual education undermines SA's rich linguistic diversity | Daily Maverick (18 Feb) |
| Prof Michelle Nel<br><br>Prof Francois Vreÿ | Handels- en Publiekreg (Krygskunde)<br><br>Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika | Red Sea hostilities affect maritime security – and the rule of law | Sunday Times (18 Feb) |
| Dr Michael Kahn | Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (CREST) | The meagre pickings of trickle-down economics are the new opiate of SA's masses | Daily Maverick (19 Feb) |
| Prof Ronelle Burger<br><br>Mandy Pearson | Ekonomie<br><br>ReStory Foundation | SA has made progress towards social justice, but more needs to be done | Mail & Guardian (20 Feb) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | 2024 is a year to remember the 1994 commitment to justice in SA | Cape Times (20 Feb) |
| Mphumzi Mdekazi<br><br>Dr Babu Owino | PhD-student (Publieke en Ontwikkelingsbestuur)<br><br>Parlement van Kenia | What does Africa need: strong states or freedom? | Mail & Guardian (20 Feb) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | Inequality gap is widening, but that doesn't mean change is not possible | News24 (20 Feb) |
| Prof Mark Tomlinson | Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing | Grief and the memory of my sister Beth – you were like magic dust | Daily Maverick (20 Feb) |
| Prof Herman Wasserman<br><br>Michael Markovitz | Joernalistiek<br><br>Universiteit van Pretoria | Are South African newsrooms ready for Elections 2024? | Daily Maverick (20 Feb) |
| Marleen du Toit | Universiteit van Kaapstad | Dieremishandeling: die reuk van ons gewete | Netwerk24 (22 Feb) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Nicola Amon | Honneursstudent (Joernalistiek) | | |
| Dr Layckan van Gensen | Handelsreg | Deepfakes in South Africa: protecting your image online is the key to fighting them | The Conversation (22 Feb) |
| Prof Deresh Ramjugernath | Viserektor: Leer en Onderrig | Multilingualism fosters deeper understanding | The Star (23 Feb) |
| Dzvinka Kachur | Sentrum vir Komplekse Sisteme in Transisie | Two years of the full-scale invasion and 10 years of war – but we Ukrainians will keep fighting | Daily Maverick (24 Feb) |
| Prof Eugene Cloete | Fakulteit Natuurwetenskappe | As prof rig geloof my meer as wetenskap | Rapport (25 Feb) |
| Prof Thuli Madonsela | Sentrum vir Sosiale Geregtigheid | SRD grant: where the money should come from | City Press (25 Feb) |
| Dr Anika Berning-van Zyl | Ondernemingsbestuur | Inclusive HE empowers students, helps to cultivate empathy | University World News (29 Feb) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Selfdood en bystanddood: Die een is 'n siekte, die ander 'n besluit | Netwerk24 (1 Mrt) |
| Drs Francis Vorhies & Wiseman Ndlovu | Instituut vir Natuurlewe-ekonomieë in Afrika | Use of wild species should benefit people, but how to achieve sustainable, safe and legal use is unclear | Mail & Guardian (3 Mrt) |
| Prof Susan Goldstein<br><br>Prof Mark Tomlinson<br><br>Prof Rachel Wynberg<br><br>Prof Tanya Doherty | Universiteit van die Witwatersrand<br><br>Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing<br><br>Universiteit van Kaapstad<br><br>Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad | Big companies, like Nestlé, are funding health research in South Africa – why this is wrong | The Conversation (3 Mrt) |
| Dr Michael Kahn | CREST | Who are we, we the People of South Africa? So many answers – healing the rifts isn't easy | Daily Maverick (3 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Drought hits Southern Africa's farmers, putting | The Conversation (5 Mrt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| | | key maize supplies at risk: how to blunt the impact | |
| Dr Antoinette Malan | Bewaringsekologie en Entomologie | These tiny worm-like creatures in the soil can destroy pests, but they can also kill crops – an expert's guide to nematodes | The Conversation (5 Mrt) |
| Sabrina Matthee & Goosain Solomon | Ondernemingsbestuur | Self-reliant business incubators key to growing sustainable SMMEs | Business Day (6 Mrt) |
| Dr Mamello Nchake | Ekonomie | How inclusive business environments will boost Africa's women entrepreneurs | Daily Maverick (6 Mrt) |
| Prof Juliana Claassens | Ou en Nuwe Testament | Crying the names of each of our sisters in the grips of war | News24 (8 Mrt) |
| Prof Louise du Toit | Filosofie | Ending gender-based violence: Women must take the lead | Cape Times (8 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Xhosas maak Xhosas; Wilgenhoffers maak Wilgenhoffers | Vrye Weekblad (8 Mrt) |
| Dr Matthew Wingfield<br><br>Dr Tina Gama-Kotze | Lettere en Sosiale Wetenskappe<br><br>Boston City Campus | Why environmental impact assessments need to be more than a legal hurdle | Mail & Guardian (11 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Agricultural machinery sales down; heatwaves, dry weather hurting crops | Mail & Guardian (11 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Why did SA agriculture underperform in 2023, and what should we expect in 2024? | Daily Maverick (12 Mrt) |
| Lisa Esterhuyzen | Ondernemingsbestuur | Consumers should be more sceptical of artificial intelligence | Mail & Guardian (12 Mrt) |
| Prof Yazied Chothia | Nefrologie | Unravelling the link between salt, hypertension and chronic kidney disease | Daily Maverick (13 Mrt) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Lisensiegeld? Moet dan nie aan ons Afrikaanse programme raak nie! | Netwerk24 (14 Mrt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Lamese Chetty & Brigitta Kepkey | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | Support services for at-risk students do help | University World News (14 Mrt) |
| Dr Michael Kahn | CREST | Vital need for salvaging literacy out of South Africa's enormous 12-language Tower of Babel | Daily Maverick (14 Mrt) |
| Dr Nana Adom-Aboagye & prof Cora Burnett | Maties Sport | Women still on the backfoot in sport leadership | The Star (15 Mrt) |
| Dr Matthew Wingfield & prof Steven Robins | Sosiologie en Sosiale Antropologie | It's dangerous to forget Cape Town's Day Zero | Mail & Guardian (15 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Is daar 'n 'ware' kerk? Die grammatika van gasvryheid | Netwerk24 (18 Mrt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | The global grains and oilseed supplies remain plentiful | Mail & Guardian (18 Mrt) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Joslin is ons almal se Baby | Netwerk24 (19 Mrt) |
| Dr Jo Barnes | Gesondheidsisteme en Publieke Gesondheid | Response to SA water crisis disappointing | Cape Argus (19 Mrt) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Human rights honour past, present and future generations | Cape Times (20 Mrt) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | We need an identity that is more conscious of what we have in common than our differences | News24 (21 Mrt) |
| Wandile Sihlobo<br><br>Prof Johann Kirsten | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie<br><br>Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) | This is how President Ramaphosa got to the 25% figure of progress in land reform in South Africa | The Conversation (21 Mrt) |
| Dr Jeanette de Klerk-Luttig | Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing | Bela-wet gaan oor 'n konflik van waardes | Netwerk24 (21 Mrt) |
| Dr Anisa Mahmoudi | Publiekreg | Rights of women remain out of reach | Mail & Guardian (22 Mrt) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr George Nel<br><br>Prof Suzette Viviers | Skool vir Rekeningkunde<br><br>Ondernemingsbestuur | AGM not enough for shareholders to engage with companies | Business Day (22 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Grammatika van gasvryheid | Beeld (23 Mrt) |
| Dr Dillon Wademan<br><br>Dr Amrita Daftary | Desmond Tutu TB-sentrum<br><br>Universiteit van York | Despite advances, tuberculosis remains an acute disease in need of chronic attention | Daily Maverick (25 Mrt) |
| Prof Yogan Pillay<br><br>Foster Mohale | Bill & Melinda Gates-stiging / Gesondheidsisteme en Publieke Gesondheid<br><br>Departement van Gesondheid | Yes, we can eliminate tuberculosis, but it will need a mass screening campaign | Daily Maverick (25 Mrt) |
| Prof Thulani Makhalanyane | Mikrobiologie | Microbial guardians of Marion Island: Unveiling the hidden world in Sub-Antarctic soils amidst climate change challenges | Daily Maverick (25 Mrt) |
| Ian Kilbride | Stellenbosch Bestuurskool/Spirit Invest & Spirit Foundation | The case for a Minister of Business and Economic Growth | Daily Maverick (26 Mrt) |
| Prof Johann Kirsten | BEO | Protected products: what makes lamb from South Africa's Karoo and France's Mont Saint-Michel so special | The Conversation (28 Mrt) |
| Mihan C van Zyl | LLB-student | The upside of loving our humanity | Mail & Guardian (28 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Stilsaterdag, die dag voor Paasfees | Netwerk24 (31 Mrt) |
| Prof Thomas Mandrup | Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika | Jihadism in Mozambique: Southern African forces are leaving with mixed results | The Conversation (2 Apr) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | Transnistria and the national state's deadly flaw | Business Day (3 Apr) |
| Ian Kilbride | Stellenbosch Bestuurskool/Spirit Invest & Spirit Foundation | 'City diplomacy' can be a double-edged sword for residents | Business Day (3 Apr) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Daan Steenkamp | Codera Analytics/Ekonomie | Central banks should stop pretending they know the future | Business Day (4 Apr) |
| Drs Hayley Clements & Alta de Vos<br><br>Matthew Child | Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange<br><br>Universiteit van Pretoria | South Africa's conservation model: why expanding the use of biodiversity to generate money is a good idea | The Conversation (4 Apr) |
| Prof Ursula van Beek | Sentrum vir Navorsing oor Demokrasie (CREDO) | History need not repeat itself this time | Cape Argus (5 Apr) |
| Prof Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | VSA moet bieg én betaal as hy Covid gekweek het | Rapport (7 Apr) |
| Prof Bob Mash | Huisarts- en Noodgeneeskunde | World Health Day: SA's public health sector facing crisis amid budget cuts | Mail & Guardian (7 Apr) |
| Damien du Preez | CREDO | Citizens' assemblies empower exploration of new ways to develop a more authentic democratic spirit | Daily Maverick (7 Apr) |
| Prof Mark Tomlinson | Instituut vir Lewensloopgesondheidsnavorsing | I fear what is happening in Gaza is a bloody portent of the future for billions of people | Daily Maverick (7 Apr) |
| Dr Michael Kahn | CREST | It's time to ease out the *kommissars* in government and replace them with technocrats | Daily Maverick (9 Apr) |
| Kira Alberts | CREDO | Polls as reliable as a Cape Town weather forecast | Cape Times (9 Apr) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Winter is coming – a critical period for SA's crop-growing regions | Daily Maverick (10 Apr) |
| Dr Daan Steenkamp | Codera Analytics/Ekonomie | SA has not felt tight grip of austerity, yet | Business Day (11 Apr) |
| Prof Desmond Painter | Sielkunde | Abba: Daai mooi musiek wat kom van nêrens | Rapport (14 Apr) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Global grain production good, but Southern Africa's white maize crop hit by drought | Mail & Guardian (15 Apr) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Hoe kan media kophou tussen die sin en die onsin? | Netwerk24 (16 Apr) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Daryl Swanepoel | Inclusive Society Institute/Skool vir Publieke Leierskap | Critical lessons for SA from Singapore on managing social cohesion in diverse communities | Daily Maverick (17 Apr) |
| Prof Brian Watermeyer<br><br>Prof Juan Bornman | Globale Gesondheid<br><br>Universiteit van Pretoria | The state of education for learners with disabilities is a crisis within a crisis | Daily Maverick (18 Apr) |
| Prof Mark Swilling | Sentrum vir Volhoubaarheidsoorgange | South Africa's electricity crisis: a series of failures over 30 years have left a dim legacy | The Conversation (18 Apr) |
| Bavesh Padayachy | LLB-student | It's not too late to revise the 'Spy Bill' to strike a better balance between power and accountability | Daily Maverick (19 Apr) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | The unspoken tragedy: Young lives and self-death | News24 (20 Apr) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Dis iets wat jy dóén | Netwerk24 (20 Apr) |
| Prof Sara Grobbelaar | Bedryfsingenieurswese | Breaking barriers: inclusive innovation for a fairer future | Mail & Guardian (22 Apr) |
| Prof Deresh Ramjugernath | Viserektor: Leer en Onderrig | Navigating the digital frontier through innovation in HE | University World News (22 Apr) |
| Dr Zelda Barends | Kurrikulumstudie | The best ways to get a child to read | Cape Times (22 Apr) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Kry vir jou 'n boek, want vandag is Wêreldboekedag | Netwerk24 (23 Apr) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | South Africa's food inflation falls to lowest level since September 2020 | Daily Maverick (24 Apr) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | R370 koop nie vir jou vryheid nie | Netwerk24 (25 Apr) |
| Prof Klaus Boehnke<br><br>Daryl Swanepoel | Constructor-universiteit<br><br>Inclusive Society Institute/Skool vir Publieke Leierskap | Trends suggest social cohesion is on downward slide | Mail & Guardian (25 Apr) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Mpho-Entle Puleng Modise<br><br>Prof Maureen Robinson | Unisa<br><br>Kurrikulumstudie | South Africa's young education researchers need networks to share experience more than pressure to produce outputs | The Conversation (25 Apr) |
| Prof Vain Jarbandhan<br><br>Prof Pregala Pillay<br><br>Luckmore Chivandire | Universiteit van Johannesburg<br><br>Skool vir Publieke Leierskap<br><br>Teenkorrupsiesentrum vir Opvoeding en Navorsing | Corruption, crime, rolling blackouts, unemployment, poverty, inequality – anything to celebrate? | Daily Maverick (25 Apr) |

**Rubrieke**

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Social media and kids: We're doing it wrong | Fin24 (10 Mrt) |
| | | 'n Geskiedenis met gate het gevolge | Rapport (10 Mrt) |
| | | Spending our public - and private - savings on consumption is a bad idea | Fin24 (16 Mrt) |
| | | AI means one thing: If we want quality, we'll have to cough up | Fin24 (6 Apr) |
| | | Genealogie is eintlik 'n gevaarlike stokperdjie | Rapport (14 Apr) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Mans, beddens, hotelle en mag | Netwerk24 (20 Feb) |
| | | Hoekom kry nét meisies skuld? | Netwerk24 (5 Mrt) |
| | | Dié vroue sterf 'n stadige dood | Netwerk24 (2 Apr) |
| | | KI in 'n oorlog is nie jou maat nie | Netwerk24 (16 Apr) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | There's always room for more students, better planning, but some demands can't be accommodated | Times Live (21 Feb) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| | | Relocating some universities to places of relative safety should be up for discussion | Times Live (6 Mrt) |
| | | Deliberate or not, starving the electorate of an education feeds the ANC machine | Times Live (13 Mrt) |
| | | From Delft to Antarctica – yes, it can happen | Times Live (20 Mrt) |
| | | All manifestos talk big on education, but it's not enough for the little ones | Times Live (27 Mrt) |
| | | Profit and greed plague private education, but don't write it off yet | Times Live (3 Apr) |
| | | If time-wasting were in the curriculum, schools would excel at it | Times Live (10 Apr) |
| | | The future of UWC and UCT's leadership hangs in the balance | Times Live (17 Apr) |
| | | 8 myths about teachers: what parents often get wrong | Times Live (24 Apr) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | In Christus kies God teen alle geweld | Netwerk24 (13 Mrt) |
| Prof Vasti Roodt | Filosofie | Van Cato tot Nawalni: Sukses is nie al uitkoms wat saak maak | Rapport (25 Feb) |
| | | Vriendskap met die self bring sinvolle bande met ander mee | Rapport (10 Mrt) |
| | | Gee en neem die sleutel tot bestaan van geregtigheid | Rapport (24 Mrt) |
| | | Intuïsie is goed, maar sommige sake vereis stadiger dink | Rapport (7 Apr) |
| | | Die naakte werklikheid is vormloos en onomvatbaar | Rapport (20 Apr) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Current heat and scant rains are worrying for SA agriculture | Business Day (26 Feb) |
| | | Agricultural exports hit | Business Day |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| | | record despite logistical bars | (28 Feb) |
| | | Drought and heatwaves make for rocky food inflation outlook | Business Day (13 Mrt) |
| | | Why an SA-Middle East agricultural trade and investment strategy is critical | Business Day (26 Mrt) |
| | | Slow structural reform in agriculture limits growth | Business Day (27 Mrt) |
| | | SA must continuously improve capacity for animal disease control | Business Day (22 Apr) |
| | | SA needs to grease the wheels, not reinvent them | Business Day (24 Apr) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | Ons behoort te help waar pyn is | Netwerk24 (27 Feb) |
| | | Poetin, Hitler en Malema is 3-in-1 | Netwerk24 (12 Mrt) |
| | | Die groot risiko van (on)geloof | Netwerk24 (26 Mrt) |
| | | Joshlin se pyn bly onbegryplik | Netwerk24 (9 Apr) |
| | | Ons kan vashou aan die leë graf | Netwerk24 (23 Apr) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Wat hou die volgende 30 jaar vir ons in? | Netwerk24 (17 Apr) |